

21 Maart

Skrifgedeelte: 1 Samuel 1

Fokusgedeelte: 1 Samuel 1:15,16,18b

Die huppel in jou stap!

Ons sien haar al in ons geestesoog. Sy is 'n geboë figuur, die skouers krom, die voete slepend, die gelaat afgetrokke. Dit is al haar sorge wat soos 'n ondraaglike (letterlik) swaar juk haar by 'n breekpunt bring. Wat kan die rede daarvoor wees? Sy is kinderloos! So sien ons haar in hierdie toestand op pad na die tempel. Kom ons stel, met 'n bietjie verbeelding, vir Hanna self aan die woord (ook meer letterlik volgens vers 15 en 16): "Toe ek in die tempel kom, het ek begin praat. Ek het aanhou praat, sonder ophou [beteken ook: 'om te babbel']. Na jare van vernedering en die alewige gespot van Peninna het dit vir my gevoel soos 'n damwal wat breek – ek kon my eenvoudig net nie keer nie! Ek het my hele hart voor die Here uitgestort – leeggemaak presies net soos wanneer 'n mens 'n waterkruik leegmaak ['uitgiet' - vergelyk 1 Sam 7:6]. Ja, Eli, natuurlik is my oë rooi, maar nie van wyn nie, maar van tranen en woorde stort! Nee, Eli, ek praat so lank en so baie, nie omdat ek dronk is nie, want 'n dronk mens praat met homself, maar ek praat met die Here. En nogiets: Natuurlik het dit lank geneem, want pyn en smart kan voor die Here uitgegiet en uitgepraat word, al neem dit hoe lank..."

In ons geestesoog het ons haar gesien toe sy die tempel binnestrompel, maar die heel belangrikste is, hoe sou sy lyk as sy daar uitkom? 'n "Nuwe" Hanna sou in die tempeldeur verskyn. Wat ons nou opval, is dat sy glad nie meer soos voorheen lyk nie. Haar gesig is "anders". Sy lyk verlig, vriendelik en gelate! Hoe is dit moontlik? Wat het gebeur? Die antwoord is heel eenvoudig. Hanna het haar hart uitgepraat! Al die sorge is van haar af! Dit is 'n wonderlike terapie volgens sielkundiges, maar die belangrikste is dat Hanna haar hart huis voor die Here uitgepraat het! Sy het by die regte plek en persoon gaan aanklop. Hy is die een wat werklik (ver)hoor en help. Sy Gees, wat reeds in haar ingestort is, het ook haar hart en gemoed verander. Hou dit altyd in gedagte dat God werklik omgee. Het sy Seun nie huis sy bloed aan die kruis gestort om die las en juk (Matt 11) vir ons almal vir altyd lichter te maak nie? Wie sy sorge in geloof voor die Here uitstort, sal soos Hanna (en haar naam beteken "genade"!) daar wegstap met 'n "huppel" in sy stap!

Sing: Psalm 42:2,3 Ds DPJ Erasmus (Jeffreysbaai)